## Het jy geweet? Aankondig of afkondig?

Nuus of nuwighede word aangekondig as deel van die gemeente se pamflet of bulletin – die **aankondigings**.

Wette of 'n noodtoestand word **afgekondig**.

Die nuus wat die predikant van die kansel af beklemtoon, dit wat jou gemeente dalk weekliks per e-pos uitstuur of by die kerkdeur uitdeel, is die aankondigings ... en 'n wet of 'n noodtoestand maak hopelik nie deel daarvan uit nie!

*Uit "VrydagNuus 15 Junie" – nuusbrief van die Wes-Kaap*.